U3A STILBAAI

VOORSITTER SE VERSLAG VIR DIE PERIODE JANUARIE 2021 TOT DESEMBER 2021

INLEIDING

Soos in 2020 het die Covid-19 pandemie ‘n groot aantal vergaderings en byeenkomste van U3A Stilbaai vir ‘n groot deel van 2021 nie laat plaasvind nie. Tog, ten spyte van die beperkings, kon ons aangaan met sommige aktiwiteite. Hierdie verslag dek die periode van 1 Januarie 2021 tot 31 Desember 2021.

LIDMAATSKAP

Aan die einde van Desember 2021 , het ons ledetal op 305 gestaan. Meeste van die nuwe lede wat in die jaar aangesluit het, is onlangse intrekkers in Stilbaai wat gretig was om aan te sluit by ‘n organisasie waar hulle ander mense kon ontmoet.

FINANSIES

Ongelukkig kan ‘n formele Finansiële verslag nie vandag voorgelê word nie, aangesien ons tesourier die afgelope 5 maande ongesteld is. Ons kan u egter verseker dat die stand van die U3A finansies gesond is en dat dit moontlik was om ‘n U3A rekenaar vir administratiewe doeleindes en die gebruik deur sprekers aan te skaf. Verder was dit ook nie nodig dat die ledegelde vir hierdie jaar verhoog word nie. Die ledegeld per jaar bly dus R30 per lid. Die maandelikse wyn- loting dra verder by tot die Jagersbosch Fonds terwyl die Gin-loting gebruik word om die jaarlikse U3A rekenaar-lisensie te vereffen. Dank aan al ons lede wat gereeld aan die wyn- en gin-loting deelneem. Ons waardeer dit. Inkomstes vanaf die verskillende U3A aktiwiteitsgroepe dra ook by tot die U3A Fondse. Huidigik is die gesonde balans van die U3A rekening ’n krediet van R10, 668.52.

MAANDELIKSE PRAATJIES

Tydens die 12 maaande wat hierdie verslag dek, moes ons 11 maandelikse praatjies aangebied het (vergaderings word nie in Desember gehou nie), maar die Covid-19 pandemie het ons vanaf Januarie tot Februarie 2021 en weer na n opvlamming van Covid-19, vanaf Junie tot Augustus 2021 gedwing om te sluit. Ons het in September 2021 weer vergader. Daar was dus net 6 maandelikse praatjies gedurende die jaar.

Die maandelikse praatjies het onder andere die volgende ingesluit. Informasie oor die inhoud is beskikbaar op ons webtuiste.

Mrt 2021	Johan van Staden	Maanperspektief
April 2021	Karel Nel	Seëlversameling en die poskantoorprojek
Mei 2021	Niel van Wyk	Die Stilbaai Duine dilemma
Sept 2021	Izak Venter	Die nuwe beplande Interpretasie Sentrum (museum) in Stilbaai

Okt 2021	Mike Steytler	Amputasie: Sielkundige en fisiese voorbereiding en gevolge
Nov 2021	Herman du Toit	Tale en vertalings

Our heartfelt thanks to all the speakers for their effort and dedication in preparing the talks. During the Covid-19 restrictions, U3A Cape Town continued to organize Zoom talks and a small number of our members regularly took part. U3A Cape Town has also launched other programs such as quizzes to keep people busy during confinement. Some of our members have joined these programs.

KURSUSSE

Geen kursusse kon aangebied word as gevolg van die Covid-19 beperkings nie.

GROEPE

Stapgroep

Alhoewel die U3A Stapgroep met alle erns weer in Oktober / November 2020 begin stap het, het Covid weereens 'n stokkie in ons speke gesteek gedurende Desember en kon ons eers weer met ons Vrydag oggend stappe in Maart 2021 begin. In total het 917 ywerige stappers gedurende die 7 maande die stappe bygewoon.

The U3A Hiking Group hike every Friday morning various routes in and around Stilbaai. The routes are normally ± 5-10 kilometres long and vary to keep it interesting and a bit more challenging for the members. Some interesting routes that were undertaken include the following:

- A very adventurer's route from Blombos to Jongensfontein of ± 16 kilometres. 54 hikers joined for this hike of which nearly half completed the full route.
- A hike around Korentepoort-dam and completed the hike with a very nice "worsbroodjie braai"
- a New route, near Fynbos Strand was hiked, during which a substantial amount of waste was picked up.

'n Baie groot dankie aan Nico Steenekamp en sy span vir die koördinering en reëlings van die stappe gedurende die afgelope twee jaar. Die nuwe koördineerder vir 2022 is Karl-Heinz Niemand.

Voëlgroep

Weens Covid is geen byeenkomste of uitstappies tydens die jaar gehou nie.
Twee aktiwiteite van die groep het wel plaasgevind, naamlik:

1. Lede van die groep het opnames vir die Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek 2 (SABAP2) gemaak volgens die stel doelwitte wat hulle self gestel het. SABAP2 het 'n standaard versoek dat deelnemers sal probeer om elke pentade (eenheid van opname) minstens een keer per jaar te dek. Die Voëlgroep dek al vanaf 2014 die Hessequa munisipale gebied se 75 pentades sistematies met opnames. Sedert Desember 2017 doen die groep minstens twee opnames per pentade per jaar,

afgewissel tussen seisoene en egalig versprei oor die hele gebied. Die lede van die groep het 194 opnames gedoen tussen 1 Desember 2020 en 30 November 2021. Hierdie aspek sal in detail gedek word in ‘n aanbieding op die groep se byeenkoms van 6 April en sal daarna op die webwerf beskikbaar wees.

2. The Bird Group supports the Virtual Museum project of the “Biodiversity and Development Institute” and some members of the group were actively involved in uploading photo records for the Virtual Museum this year. Hundreds of photos of birds, mammals, reptiles, odonata (dragonflies and ladybugs) and butterflies were submitted, which occur in Hessequa, but also from other parts across the country.

Fotografie groep

Die groep ontmoet op die tweede Maandag aand van elke maand, maar met Covid-19 inperkings is vergaderings vir meeste van 2021 gekanselleer. ‘n Aantal lede het foto’s ingedien vir albums op ons webtuiste – dié verskyn onder Albums in die Fotografie seksie. Vergaderings is weer vanaf Oktober gehou. Lawrence Barltrop het as koordineerder van die groep oorhandig aan Richard Webb.

Aandele groep:

Die groep met Christo Prins as sameroeper het nie in 2021 byeengekom nie, maar het inligting op ‘n gereelde basis per epos uitgeruil.

Neuro-wetenskap groep:

This group always met monthly, but had to cancel most meetings from 2021 onwards. Convener Jenni Sharkey, in collaboration with U3A Cape Town, presented interesting Neuro-Psych discussions with Zoom over the internet. These talks were also well-received by members of other U3As in South Africa, and have now attracted the participation of more than 100 active members. Some of the videos presented are available on the U3A Stilbaai website, and recordings of the Zoom discussions are also available on the U3A SA Google Drive Stilbaai folder. Interested parties can contact Jenni at jennisharkey@gmail.com.

Astronomie-groep

Die groep het sy aktiwiteite hierdie jaar hervat en het in Februarie ‘n baie suksesvolle sterrekyk-aand by Deon se huis gehou. Die Chinese se ruimtestasie se verby vlug was dopgehou en die groep het ‘n besonderse ervaring gehad toe “Spacex” van Amerika ‘n groep van 48 internet satelliete gelanseer het. Die satelliete het soos ‘n vuurwerk vertoning oor die see uitgestyg voordat die aarde se skadu hul verduister het. Daar is ook gekyk na die somer konstellasies, sterre-bondels, gaswolke en dubbel sterre. Die groep beoog om maandeliks bymekaar te kom binne die toegelate weersomstandighede. Sterrekundige gebeurtenisse was ook gereeld op WhatsApp met mekaar gedeel.

UITSTAPPIES

Daar was ongelukkig geen uitstappies in 2021 as gevolg van Covid-19 beperkings.

DANKBETUIGINGS

Ons dank aan Jagersbosch vir die gebruik van Die Waenhuis vir ons vergaderings.

Dankie ook aan die Komitee vir hul ondersteuning en harde werk om die sukses van U3A Stilbaai te verseker.

Ter afsluiting wil ek julle, ons lojale lede, bedank vir jul ondersteuning en entoesiasme. U3A Stilbaai behoort aan julle, sonder julle sou ons nie hier wees nie. Dankie almal.

Pieter du Toit
Onder-Voorsitter: U3A Stilbaai
28 Maart 2021